



## Effektiewe mediakommunikasie

'n Sertifikaat van bevoegdheid-kortkursus

**Skryf jy mediaverklarings vir koerante en die radio, promosiemateriaal, e-posse en inhuispublikasies? Word saam met ons 'n nóg beter skrywer - ons fokus op struktuur en styl, aanvaarbare taal, etiek en resultate.**

### Waarop fokus hierdie kursus?

Hierdie aanlyn kursus wat in Engels aangebied word, sal jou blootstel aan die jongste tegnieke om doeltreffend en met selfvertroue vir verskillende sosialemediaplatforms te skryf.

Jy sal leer om jou storie effektief oor te dra met taalgebruik wat verstaanbaar is, jou skryfstyl verbeter en meer oor effektiewe skryfstrategieë en -tegnieke leer. Jy sal 'n oorsig oor etiese vraagstukke kry en verstaan hoe belangrik akkuraatheid en feitelike korrektheid is.

### Wie kan die kursus bywoon en watter loopbaanvoordele hou dit in?

As jy persverklarings, promosiemateriaal, publikasies en blogs skep, is hierdie kursus net die ding vir jou!

Ons beperk die aantal deelnemers om optimale leer te verseker. Die regstreekse aanlyn sessies word deur 'n aanlyn komponent aangevul, en sekere aspekte van die kursus word geassesseer.

### Is daar enige voorvereistes?

Hierdie is nie 'n intreevlakkursus nie en naskoolse opleiding in joernalistiek of werks-ondervinding in hierdie rigting word sterk aanbeveel.

Jy sal 'n rekenaar en betroubare internetblaaier nodig wat ons aanlyn platforms (MS Teams en SUNOnline) kan hanteer en jy sal 'n betroubare internetverbinding nodig hê om vir die regstreekse aanlyn sessies aan te meld.

Jy sal ook elektroniese dokumente moet kan skep.

### Waar en wanneer vind hierdie kursus plaas?

Ons kursusse kombineer regstreekse aanlyn sessies, wat deur die aanbieder gefasiliteer word, met aanlyn leer wat jy op eie stoom doen.

Hierdie aanlyn kursus open voordat die eerste regstreekse aanlyn sessie plaasvind en sluit lank ná die laaste regstreekse aanlyn sessie. Dit gee jou genoeg tyd om jou SUNOnline-teenwoordigheid te aktiveer voordat die eerste regstreekse aanlyn sessie plaasvind.

	<b>Regstreekse aanlyn sessies</b> (10:00 tot 12:00)	<b>Duur van die kursus</b> (openings- en sluitingsdatums)	<b>Skryf in voor</b>
Kursus 1:	7, 14, 21, 28 Mei, 4 en 11 Junie	16 April tot 25 Junie	16 April

Tydens die kursus sal jy jou tyd as volg spandeer:

- twee uur per week op 'n regstreekse aanlyn sessie
- ongeveer vyf uur per week op leeswerk, of om take of vasvra-take, aktiwiteite en opdragte op eie stoom te voltooi

### Wie is die aanbieder?

**Dani Favis** is 'n fasiliteerder, opleier van fasiliteerders en leermateriaalontwerper. Sy is die gelukkigste wanneer sy taalkursusse fasiliteer, want dit kombineer haar gunstelingdinge: die fynere kunsies van kommunikasie en om mense te ondersteun om nuwe vaardighede te ontwikkel. Sy is bekend daarvoor dat sy komplekse konsepte maklik maak om te begryp, en dat sy 'n genotvolle en bemoedigende leeromgewing skep.



### Wat kos dit?

Die kortkursusfooie is R5 950 per deelnemer, wat kursusmateriaal, assesserings, regstreekse aanlyn sessies met jou aanbieder en toegang tot die aanlyn platforms insluit.

Alle kursusfooie moet asseblief vóór die begin van die kursus betaal wees. Let ook daarop dat ons hierdie kursus net sal aanbied wanneer 'n minimum van tien kandidate wat klaar betaal het, bywoning bevestig.

[Klik hier](#) en voltooi die vorm indien jy belangstel om hierdie kursus by te woon. **Ons sal jou kontak met die skakel om in te skryf.**

### Enige verdere vrae?

Skakel met Michelle Pieters vir meer besonderhede by [michellep@sun.ac.za](mailto:michellep@sun.ac.za) of 021 808 2812.

Jy kan ook jou spesifieke kortkursus- en ontwikkelingsbehoefte met ons bespreek. Doen gerus navraag oor beskikbare kortkursusse, datums en die moontlikheid van pasgemaakte kursusse.